SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

DBO onderneem volledige ondersoek na uitslae in Besigheidstudies

2019-02-05

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het Dinsdag, 5 Februarie met senior amptenare van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vergader oor klagtes met betrekking tot die matriekuitslae in Besigheidstudies.

Die SOS het honderde klagtes ontvang van skole regoor die land, wat beweer die uitslae in Besigheidstudies tydens die 2018-matriekeksamen, verskil aansienlik van leerders se jaarpunte. Dit het tot gevolg gehad dat baie matrikulante nie meer toelating het tot universiteitskursusse, waarvoor hulle aanvanklik met hul gr.11-uitslae gekeur is nie. Talle skole het ook onverwagse druipelinge in Besigheidstudies gehad.

In reaksie op die klagtes, het die SOS ook ’n aanlyn-petisie op ons webtuiste geloods. Die petisie is deur meer as 1800 onderwysers, ouers en leerders onderteken en eis ’n volledige hersiening van die 2018-matriekuitslae vir Besigheidstudies. Die petisie is ook Dinsdag aan die departement oorhandig.

Die DBO het hul kommer uitgespreek oor die klagtes en te kenne gegee dat hulle tans besig is met ’n omvattende ondersoek na die oorsaak vir die klaarblyklike teenstrydige uitslae. Dit behels onder meer ’n ondersoek na die inhoud van die vraestel, die merkproses en die manier waarop punte opgetel en in die stelsel ingevoer is. Volgens die DBO sal die ondersoek binne die volgende twee weke afgehandel en ’n deeglike verslag saamgestel word.

“Ons is tevrede dat die departement erns maak met die saak en dat ’n in-diepte-ondersoek na gelang van die klagtes gedoen word,” sê Melanie Buys, onderwysspesialis aan die SOS. “Ons sien uit om die verslag te lees na afloop van die ondersoek en hoop die DBO kan hul vinger op die probleem lê, sodat dit opgelos kan word voor die aanvang van die 2019-matriekeksman.”

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za